

Titel: Hoe verstaan julle dan nie?
Pastoor: Danelle Esterhuizen
Datum: 07 November 2010
Tyd: 09h30



a) Verstaan

1. Die bedoeling van iets snap, die betekenis ken, deeglik vertrou wees met

- iets verstaan
- iemand verstaan

2. nie verstaan nie

- vra!

Luk 1:34

Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

Jes 1:18

Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol

3. bewys van verstaan

- slaag die toets!

b) Om God te verstaan

Psalm 103:8

Barmhartig en genadig is die Here, Lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Deut 7:9

Jy moet dan weet dat die Here jou God, God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet...

c) My storie

- Sou makliker wees om nie die regte ding te doen nie
- Ek kon dit nie bewys nie
- Gedink dit was my eie skuld
- Gevoel ek wil weghardloop

Maar...Die Here het weereens Sy getrouheid bewys

Mar 18:13-21

¹³ En Hy het hulle verlaat en weer in die skuit geklim en na die oorkant gegaan. ¹⁴ En Hulle het vergeet om brode saam te neem, en het net een brood by hulle in die skuit gehad. ¹⁵ En Hy het hulle beveel en gesê: Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseers en die suurdeeg van Herodes. ¹⁶ Toe redeneer hulle onder mekaar en sê: Dit is omdat ons geen brood het nie. ¹⁷ En Jesus merk dit en sê vir hulle: Waarom redeneer julle dat julle geen brode het nie? Begryp julle nie en verstaan julle nie? Het julle nog verharde harte? ¹⁸ Het julle oë en sien julle nie? En het julle ore en hoor julle nie? ¹⁹ En onthou julle nie toe Ek die vyf brode vir die vyfduisend gebreek het nie, hoeveel mandjiesvol brokstukke julle opgetel het

nie? Hulle sê toe vir Hom: Twaalf. ²⁰ En die sewe vir die vierduisend – hoeveel mandjiesvol brokstukke het julle opgetel? En hulle sê: Sewe. ²¹ Toe sê Hy vir hulle: Hoe verstaan julle dan nie?

➤ ¹⁴ En hulle het vergeet om brode saam te neem....

- **Ons ontrouheid vernietig nie Sy getrouheid nie.**

Rom 3:3

En wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrouheid miskien die getrouheid van God vernietig? Nee, stellig nie.

➤ ¹⁶ Toe redeneer hulle onder mekaar en sê: Dit is omdat ons geen brode het nie...

- **Redenasies en oordenking lei tot 'n verdeelde fokus**

2 Kor 10:5(b)

Neem gedagtes gevange tot gehoorsaamheid van Christus.

Fil 4:8

Verder, broers, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.

➤ ¹⁷ Begryp julle nie en verstaan julle nie? Het julle nog jul verharde hart?

- **Watter keuses maak jy?**

Eseg 36:26

En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.

➤ ¹⁸ Het julle oë en sien julle nie? En het julle ore en hoor julle nie?

- **Watter keuses maak jy?**

Lasarus

Joh 11:23

...Jou broer sal opstaan

19 En onthou julle nie toe Ek die vyf brode vir die vyfduisend gebreek het, hoeveel mandjiesvol brokstukke julle opgetel het nie?

Psalm 77:12 & 13

¹² Ek dink aan die dae van die Here, ja, ek wil dink aan u wonders uit die voortyd ¹³ en al u werk oordink, en ek wil peins oor u dae.

²¹ Hoe verstaan julle dan nie?

➤ **“hoe ken julle my dan nie?”**